

**23 April**

Skrifgedeelte: Ester 6:1-14

Fokusgedeelte: Ester 6:10

## Die Here beskik dat die regte ding op die regte tyd gebeur

Die boek Ester vertel van die grootheid van God. Hoe Hy in die geskiedenis van mense werk en hoe Hy as Verbondsgod optree met sy volk in die oog. Alhoewel ons dikwels die woord “toevallig” gebruik, leer die boek Ester ons dat daar nie so iets soos toeval is nie. Was dit toevallig dat koning Ahasveros nie kon slaap nie en daar uit die anale vir hom voorgelees word dat Mordegai sy lewe gered het? Was dit toevallig dat Mordegai nie daarvoor beloon was nie? Was dit toevallig dat Hamman op daardie tydstip in die voorhof van die paleis aankom?

Nee, die Here het dit beskik. Die Here gebruik mense om in hulle lewe sy regeermag uit te oefen. As Hamman sy bese planne maak om Mordegai en die Jode om die lewe te bring, dan keer die Here. Hamman se bese planne wat hy teen Mordegai beplan, draai teen hom. Hy dink dat hy vereer gaan word, en dan word Mordegai op die wyse vereer wat hy voorgestel het. So beskik die Here dat Ester vir Hamman voor die koning ontbloot. Mordegai word in Hamman se plek aangestel en hy keer dat die Jode uitgewis word.

Hierdie geskiedenis leer dat die Here in die lewe van gewone mense werk om sy verbondsbeloftes tot uitvoering te bring. In Jesus Christus is ons ook deel van sy uitverkore volk. Hy tree in hierdie wêreld op met sy verbondsvolk in die oog. Daarom kan sy kerk nog altyd sy beskermende teenwoordigheid ervaar. Besef jy dat die Here ook jou lewensomstandighede kan gebruik om sy verbondsbeloftes tot uitvoering te bring?

Wanneer ons op ons lewe terugkyk, sien ons hoe die Here die regte ding op die regte tyd laat gebeur. Jy word 'n paar minute vertraag, anders sou jy in 'n groot ongeluk gewees het. Jy het dalk 'n keuse gemaak wat aanvanklik nie na so 'n goeie keuse gelyk het nie, maar tog het die Here daardeur net die beste gebring. Vertou die Here dat Hy altyd die beste weet en dat Hy in beheer van jou lewe is. Niks gebeur toevallig nie.

Sing: Psalm 138:4 (1936)

Ds MAF Kruger (Alberton)